

**Vrees jy die Here?**

**K**risisse en beproewings is deel van ons almal se lewe. Ook van jou lewe! Dawid het hierdie psalm geskryf toe hy in 'n baie groot krisis was. (Lees 1 Samuel 21:12-15.)

Tog prys Dawid die Here oor sy geregtigheid en sy groot mag. Hy het hom gered uit alle doodsgevaare en uit al sy benoudhede (vs 5-6). Jy kan ook weet dat geen krisis wat in jou lewe mag voorkom te groot of te klein vir God is om jou te help nie. Jy, wat die Here dien, het verder die versekering dat God se engele rondom jou is. Psalm 91:11 leer dat God sy engele opdrag gee om jou te beskerm, waar jy ook al mag gaan. Onthou, nie net sy engele nie. Toe Christus opgevaar het hemel toe is sy Gees uitgestort, vir jou, in jou. Jy het dus die Heilige Gees in jou wat aan jou *krag en liefde en selfbeheersing* skenk, vir alles wat jy vandag moet doen – al lê vandag soos 'n berg voor jou.

Uit dankbaarheid vir alles wat jy van die Here ontvang het moet jy Hom vrees. Vrees beteken hier nie om bang te wees nie, maar om ontsag te hê vir en eerbied te betoon aan die Here, om jou afhanklikheid van Hom te erken en te bely. Die 1983-vertaling vertaal dit met om die Here te “dien”. Jy moet Hom dien uit dankbaarheid vir sy groot liefde vir jou in Christus. Om die Here te dien, dit moet jy as sondige mens aanleer (vs 12). Hoe leer jy dit aan? Deur gereeld jou Bybel te lees en te bid, dit wat jy lees te oordink, jou eie te maak en uit te leef in die lewe van elke dag. Dit geld ook vandag op kampus, in die klas, in die koshuis, in jou verhouding, jou skool, jou werk, in die hospitaal – ja, orals!

*Sing: Psalm 34:1, 2*

*Ds. W Vogel (Cachet)*